higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUUR: BOERDERY N4

(4090544)

31 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

146Q1J2131

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING)
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die hoofdoel van produksie in die landboubedryf is om …

A ’n naam vir boere te maak.
B produkte na verwerkers te bring.
C die behoeftes van verbruikers te bevredig.
D gebruik te maak van alle beskikbare natuurlike hulpbronne.

1.2 … kan NIE as ’n langtermyndoelstelling geklassifiseer word nie.

A Die toepassing van nuwe tegnologie in die produksieproses
B Die verhoging van die winsgewendheid van beleggings
C Die uitbreiding van bedryfstakke deur die plaaseienaar
D Voorbereiding van ’n aanvaarbare saadbedding

1.3 … is ’n aspek van leierskap wat niks met ’n persoon se posbeskrywing te make het nie.

A Gesag
B Mag
C Bestuur
D Motivering

1.4 ’n Elastisiteitskoeffisiënt van 1 is ’n konstante elastisiteit, maar ’n elastisiteitskoeffisiënt van 2 word ... genoem.

A elastisiteitsreaksie
B elastisiteitstabiliteit
C elastisiteitstoename
D elastisiteitsafname

1.5 … is een van die ruilhandelaktiwiteite wat by bemarking betrokke is.

A Verkope en aankope
B Standaardisering en gradering
C Berging en vervoer
D Finansiering en die dra van risiko

1.6 … is ’n langtermynplan wat boere gebruik om hul goedere teen winsgewende pryse te verkoop.

A Evolusie in bemarkingsdenke
B Bemarking
C ’n Bemarkingstrategie
D ’n Prysbepalingstrategie

Kopiereg voorbehou

1.7 Die vraag na kosprodukte bly … omdat daar nie werklike plaasvervangers daarvoor is nie.

A relatief onelasties
B relatief elasties
C relatief laag
D relatief aanvaarbaar

1.8 'n … sal die suiwelboer help met die manier waarop standaard- en daaglikse roetinetake op die plaas gedoen moet word.

A Program
B Skedule
C Standaardprosedure
D Kalender van aktiwiteite

1.9 Alle hulpbronne wat boere in die produksieproses gebruik, word ... genoem.

A uitset
B terugvoering
C kapitaal
D inset

1.10 ... is koste wat op ingevoerde produkte betaal moet word sodat hulle minder mededingend in die plaaslike markte van 'n land is.

A Vervoerheffings
B Heffingsfooie
C Belasting
D Kosprys

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Suid-Afrika het redelik baie kapitaal danksy die status van die land se geldeenheid.

2.2 Wanneer die prys van 'n produk in die mark daal, daal die vraag daarna ook.

2.3 Organisasiestruktuur in die landbousektor verhoog die vlak van gesag wat aan werknemers volgens hul pligte en verantwoordelikhede gegee word.

2.4 Nywerheidsmarkte is staties in verhouding tot landboumarkte.

2.5 Lineêre programmering is 'n beplanningstegniek wat boere in besproeiingskedulering kan gebruik.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Handelaar	A	verwerking van melk met nuwe tegnologiese middele
3.2	Voorspelling	B	bemarkingsrade
3.3	Tegnologiese veranderinge in ’n onderneming	C	fiskale maatreëls
3.4	Prysondersteuning	D	rolspeler in landboustruktuur
3.5	Toepaslike inligting oor produksie en bemarking van landbouprodukte	E	begroting
3.6	Prysstabiliseringstrategie wat voorheen in Suid-Afrika gebruik is	F	bestuursvaardigheid nodig om ’n doeltreffende plan uit te voer
3.7	Boere kan ’n deel van ’n taak korrek afhandel	G	boere werk in die bemarkingsomgewing met minder bemarkingsverantwoordelikhede
3.8	Toepassing van belastingverligting wat boere kry wanneer hulle toerusting aankoop	H	kwotas
3.9	Deur boere gebruik om enige prestasie te meet en te evalueer	I	prestasie-doelstelling
3.10	Verspreidingskanaal vir wetlik gereguleerde produkte	J	aanbod
		K	doelstellings
		L	markinligting

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 98 miljoen ha is ongeveer …% van Suid-Afrika se oppervlakte wat bewerkbare grond vorm.

4.2 ’n Benadering in landboubemarking wat markprobleme klassifiseer en beskryf, word ’n ... genoem.

4.3 ... behels die blootstelling van nuwe werkers aan die reëls, praktyke en prosedures van ’n plaas.

4.4 Boere moet die regte ... vir hul goedere kies, aangesien hulle hul produkte deur dieselfde bemarkingsarea verkoop.

4.5 … doelstellings help boere om hul werk op die plaas deeglik uit te voer.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Pas ’n markvorm by die eienskappe hier onder. Skryf slegs die naam van die markvorm langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Vryheid van keuse vind plaas

5.1.2 Bestuur berus by die staat

5.1.3 Beperkte mededinging word toegelaat weens bedrywe in staatsbesit

5.1.4 Vergoeding word deur die staat bepaal

5.1.5 Daar is vrye markkeuse

(5 × 1) (5)

5.2 Bespreek hoe die toekomstige ouderdomsverspreiding van die bevolking die landbousektor in Suid-Afrika kan beïnvloed. (5)

5.3 Noem VIER produksiefaktore in die Suid-Afrikaanse landbousektor. (4)

5.4 Adviseer boere oor strategieë wat hulle kan implementeer om doeltreffende gebruik van water vir besproeiing te verseker, aangesien dit streng deur die staat gemonitor word. (8)

5.5 Verduidelik DRIE hoofrolle van tussenpersone in die landbousektor. (3 × 2) (6)

5.6 Onderskei tussen *prysstabiliteit* en *inkomstestabiliteit*. (2 + 2) (4)

5.7 Noem VIER aspekte wat die landbousektor belangrik in die Suid-Afrikaanse ekonomie maak. (4)
[36]

VRAAG 6

6.1 Lys SEWE stappe van die besluitnemingsproses chronologies. (7)

6.2 Beheer is 'n stelselmatige poging om standaarde in lyn met ondernemings se doelstellings te bring.

Noem VIER stappe wat deel van 'n beheerproses vorm. (4)

6.3 Bespreek die menslike hulpbronne-departement en die rol daarvan in 'n landbouonderneming. (8)

6.4 Beskryf die volgende soorte leierskapsmag wat leiers van 'n onderneming kan gebruik om ondergeskiktes te beïnvloed:

6.4.1 Regmatige mag

6.4.2 Mag van beloning

(2 × 2) (4)

6.5 Leiding is een van die hooffunksies van 'n bestuurder in 'n landbouonderneming.

Adviseer die boer oor VIER doeltreffende leierskapstrategieë wat aandag moet geniet om suksesvolle bestuur van menslike hulpbronne in die landbouonderneming te verseker. (4)

6.6 Organisering is een van die kritieke funksies van 'n bestuurder om te verseker dat planne in die landbouonderneming uitgevoer word.

6.6.1 Verduidelik hoe jy, as 'n plaasbestuurder, werknemers in die landbouonderneming sou organiseer. (4)

6.6.2 Noem enige DRIE vorme van organisasiestrukture in die landbousektor. (3)
[34]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1 Noem VYF kenmerke van strategiese beplanning. (5)

7.2 Beveel die stappe aan wat boere kan volg wanneer gewasproduksie-aktiwiteite beplan word. (4)

7.3 Toon die metingsinstrument aan wat gebruik kan word om die prestasiestandaarde hier onder te meet:

7.3.1 Gemiddelde melkproduksie per koei

7.3.2 Persentasie groei in netto waarde

7.3.3 Verhouding tussen die waarde van produksie en die werklike inset van menslike hulpbronne

7.3.4 Administratiewe koste

7.3.5 Bedryfsverhouding

(5 × 1) (5)

7.4 Bespreek die beperkings wat boere in hul beplanningsproses ervaar. (8)

7.5 Noem DRIE aktiwiteite van 'n boerdery wat beplanning verg (noem slegs die hoofgroepe). (3)

7.6 Klassifiseer die DRIE kategorieë van opleiding wat boere vir hul werknemers kan reël. (3)

7.7 Onderskei tussen die DRIE kategorieë opleiding wat in VRAAG 7.6 geklassifiseer is. (3 × 2) (6)

[34]

VRAAG 8

8.1 Verskeie benaderings tot landboubemarking is ontwikkel.

8.1.1 Identifiseer DRIE benaderings tot landboubemarking. (3)

8.1.2 Onderskei tussen die landboubemarkingsbenaderings wat in VRAAG 8.1.1 geïdentifiseer is. (3 × 2) (6)

8.2 Die volgende grafiek illustreer die vraag na 'n sekere produk. Bestudeer dit en beantwoord die vrae wat daarop volg. Toon alle berekeninge, waar nodig.



FIGUUR 1

8.2.1 Bereken die persentasie verandering in die prys van die produk op die grafiek in FIGUUR 1.1.

8.2.2 Bereken die persentasie verandering in die hoeveelheid gevra van die produk waarvan die prys verander het.

8.2.3 Bereken die pryselastisiteit van vraag van die produk.

(3 × 3) (9)

8.3 Gee SES voorbeelde van sekondêre bemarkingsaktiwiteite. (6)

8.4 Definieer *markewewig*. (2)

8.5 Onderskei tussen *ekonomiese risiko* en *fisiese risiko* in 'n landbouonderneming.

(2 × 2) (4)

8.6 Lig die boer in van die VIER bekende koop- en verbruikersvoorkeure van Afrikane in landboumarkte. (4)

[34]

VRAAG 9

9.1 Bestudeer die grafiek hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



9.1.1 Verduidelik die rede vir die negatiewe neiging van die vraagkromme D_X (links bo na regs onder). (2)

9.1.2 Wat word deur die kromme D^1_X voorgestel? (2)

9.1.3 Gee 'n moontlike rede vir die beweging van D_X tot D^1_X. (2)

9.1.4 Teken die grafiek hier bo met slegs die D_X-kromme oor en voeg die aanbodkromme op dieselfde asse by om ewewigsprys, ewewigshoeveelheid, ewewigsposisie, oorskotgebied en tekortgebied aan te toon. (8)

9.2 Bespreek DRIE fases van die evolusie in bemarkingsdenke. (10)

9.3 Noem TWEE verspreidingskanale wat deur boere gebruik word wat wetlik gereguleerde produkte produseer. (2)

9.4 Verduidelik die betekenis van die stelling *landbougoedere is homogeen*. (2)

9.5 "Finansiële funksie behels die vloei van fondse."

9.5.1 Stem jy saam met die stelling hier bo? (1)

9.5.2 Regverdig jou antwoord op VRAAG 9.5.1. (3)

[32]

TOTAAL AFDELING B: 170
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou